

13 Januarie

1 Petrus 1:1-9, (Teks: 1:3-5)

Die opstanding van Jesus beteken vir ons 'n nuwe begin, 'n nuwe toekoms en 'n nuwe hede

In die gelese Skrifgedeelte noem die apostel Petrus vir ons in ons teksverse drie heerlike gawes wat God aan die sondaarmens gee, op grond van die opstanding van Jesus Christus, naamlik: 'n nuwe begin.

'n nuwe toekoms; en
'n nuwe hede.

* God maak 'n **nuwe begin** 'n werklikheid, deurdat die ou lewe onder die mag van die sonde vervang word met 'n nuwe lewe onder die heerskappy van die Heilige Gees.

** God waarborg aan ons 'n **nuwe toekoms**. Inplaas daarvan dat ons almal verlore gaan, erf ons eendag die ewige lewe, die saligheid.

*** God verseker aan ons 'n **nuwe hede**. Hy bewaar ons elke oomblik, elke dag, deur sy krag sodat ons eendag ons erfenis in besit kan neem.

Al hierdie heerlike gawes wat God aan ons skenk op grond van Jesus se opstanding uit die dood, moet ons vir onself toeëien deur die **geloof**. Vers 5 sê immers baie duidelik aan ons "En omdat julle **glo**, word julle deur die krag van God veilig bewaar." 'n Mens moet derhalwe van harte hierdie evangelieboodskap glo en elke dag in dankbaarheid daaruit lewe!

Dan kan ons ook saam met Petrus en al God se kinders dit uitjubel: Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof, die aanbidding en die danksegging toe, van nou af tot in ewigheid.

Sing: Skrifberyming 45:1,12 Ds. K. van Niekerk (Pretoria-Wonderboom-Suid)